

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:

Dr. Ernst Endres – 25 April 2021

VOTUM

Ek wil die Here loof,
met alles wat in my is,
wil ek sy heilige Naam loof.

Ek wil die Here loof
en nie een van sy weldade vergeet nie.
³Dit is Hy wat al my sonde vergewe,
wat al my siekte genees,
⁴wat my red van die graf
en my met liefde en ontferming kroon,
⁵wat my die goeie in oorfloed laat geniet,
my die jeugdige krag van die arend skenk.
(Psalm 103)

SEËNBEDE

Aan die gemeente van God in Wonderpark,
wat Hy vir Hom in Christus Jesus afgesonder en
geroep het om aan Hom te behoort,
en verder aan almal, waar hulle ook al mag wees,
wat die Naam aanroep van Jesus Christus,
hulle Here en ons Here:
Genade en vrede vir julle
van God ons Vader en die Here Jesus Christus.
(1 Korinthiërs 1)

SKRIFLESING EN GEBED

Teks: Psalm 118 en Esra 1-6

Tema: In die laer van die oorwinnaars: Opgebou uit Ruïnes



Inleiding:

Psalm 118 is geskryf teen die agtergrond van die Babiloniese ballingskap. In die jaar 586 v.C. word die stad en die tempel vernietig en word die Jode in ballingskap weggevoer. Tydens die ballingskap profeteer Jesaja dat die ruïnes van Jerusalem weer opgebou sal word,

“Ek sê van Jerusalem: Hy moet weer bewoon word, en van die stede van Juda: Hulle moet weer opgebou word, en Ek self bou Jerusalem se ruïnes weer op.” (Jes 44:26)

Na die val van die Babiloniese ryk gee Kores opdrag dat die Jode mag terugkeer en dat Jerusalem en die tempel weer opgebou moes word,

²“Koning Kores van Persië maak bekend: Die Here die God van die hemel het al die koninkryke van die aarde aan my gegee. Hy het my beveel om vir hom ’n tempel in Jerusalem in Juda te bou. ³Enigiemand onder julle wat aan sy volk behoort - mag sy God by hom wees - mag na Jerusalem in Juda toe gaan en die tempel gaan bou vir die Here die God van Israel. Hy is God in Jerusalem. ⁴Elkeen wat van dié volk nog oor is, waar hy ook al tydelik gewoon het, moet deur die mense van sy omgewing voorsien word van die nodige silwer, goud, gebruiksgoed en vee, tesame met ’n vrywillige gawe vir die tempel van God in Jerusalem.” (Esra 1:2-4).

Opgebou uit ruïnes en weerstand.

Soos een man. (Esra 3:1,3)

Die Jode keer onder Serubbabel terug en begin om soos een man, ten spyte van hulle vrees vir die ander bevolkingsgroepe, die altaar en tempel te herbou.

Saambou. (Esra 4:1)

Vyande van Juda en Benjamin het gehoor dat die ballinge besig is om ’n tempel te bou vir die Here, die God van Israel. Hulle kom toe na Serubbabel en die familiehoofde toe en sê vir hulle: “Laat ons saam met julle bou. Ons vereer dieselfde God as julle.”

³Maar Serubbabel en Jesua en die ander familiehoofde van Israel het vir hulle gesê: “Julle bou nie saam met ons aan die tempel van ons God nie. Ons alleen sal vir die Here die God van Israel bou. Ons het die opdrag van die koning self gekry, koning Kores van Persië.” (Esra 4:3)



Intimidasie. (Esra 4:4)

Die nie-Israelitiese inwoners van die omgewing het toe die volk van Juda probeer moedeloos en bang maak om met die bouwerk aan te gaan.

Omkopery. (Esra 4:5)

Hulle het selfs amptenare omgekoop om die bouplanne in die wiele te ry.

Geskrewe klag. (Esra 4:7-22)

Aan die begin van die regering van Ahasveros het hulle selfs 'n geskrewe klag teen die inwoners van Juda en Jerusalem ingedien.

'n Geskrewe klag is deur Bislam namens die Arabiese bondgenootskap, regters, goewerneurs en amptenare uit Persië by koning Ahasveros ingedien. In die klag verwys hy na Jerusalem as 'n slegte en rebelse stad wat gaan weier om belasting, heffings en tol te betaal. Hy wys daarop dat Jerusalem van ouds af revolusie stook.

“Aan koning Artasasta.

“Van u onderdane, die mense van Wes-Eufraat.

“Ons bring tot die koning se kennis dat die Judeërs wat daar van u af na ons toe getrek het, nouliks in Jerusalem aangekom het of hulle het begin om dié rebelse, slegte stad te herbou. Hulle is besig om die mure op te bou. Die fundamente is klaar gelê. ¹³Nou moet die koning daarvan kennis neem dat as hierdie stad herbou en sy mure herstel is, hulle nie belasting, heffing of tol sal betaal nie. Die koning sal skade ly aan inkomste. ¹⁴Ons het 'n plig teenoor die paleis en dit pas ons nie om toe te sien dat die koning in sy eer aangetas word nie. Daarom laat ons die koning weet ¹⁵dat as u in die annale van u voorgangers laat soek, u daar sal vind dat hierdie stad 'n rebelse stad was wat konings en provinsiale owerhede skade laat ly het. Van ouds af is daar revolusie gestook. Dit is waarom die stad verwoes is. ¹⁶Ons bring tot die koning se kennis dat as dié stad herbou en sy mure herstel word, daar vir u in Wes-Eufraat niks sal oorbly nie.”

Geweld. (Esra 4:23,24)

Koning Artasasta het opdrag gegee dat daar onmiddellik met die bouprojek gestaak moes word. Toe 'n afskrif van die brief van koning Artasasta voorgelees is aan Regum en aan die sekretaris Simsai en hulle bondgenote, is hulle haastig Jerusalem toe, na die Judeërs toe, en het hulle die werk met mag en geweld tot stilstand gebring.



Motiveerders. (Esra 5:1-5)

In dié tyd het twee profete opgetree, Haggai en Sagaria. Hulle het die Judeërs aangespreek in die Naam van die God van Israel. ²Daarna het Serubbabel seun van Sealtiël, en Jesua seun van Josadak weer begin bou aan die tempel in Jerusalem. Die profete van God het hulle bygestaan en hulle ondersteun.

Maar God het 'n oog gehou oor die Judese leiers, en die werk is toegelaat om aan te gaan.

Opgebou uit ruïnes. (Esra 6:15)

In opdrag van koning Darius is die projek voltooi:

“Die tempel is voltooi op die derde dag van die maand Adar, in die sesde jaar van die regering van koning Darius. Die Israeliete, die priesters, die Leviëte en die ander wat uit die ballingskap teruggekom het, het die inwyding van die tempel met vreugde gevier.”

Psalm 118 kom totstand en word gedurende hierdie feesvieringe gesing!

Die samestelling van Psalm 118:

Die formasie van die optog. (Psalm 118:1-4)

Loof die Here, want Hy is goed,
aan sy liefde is daar geen einde nie!

²Israel moet getuig:

“Aan sy liefde is daar geen einde nie.”

³Die huis van Aäron moet getuig:

“Aan sy liefde is daar geen einde nie.”

⁴Dié wat die Here dien, moet getuig:

“Aan sy liefde is daar geen einde nie.”

Feesoptog deur die strate. (Psalm 118:5-18)

Die eerste gedeelte van die Psalm beskryf die optog van die seëvierende Jode deur die strate van Jerusalem oppad na die tempel. Hulle sing van hulle nood, geloof, vasbyt en uiteindelik hulle oorwinning. (4-18)



Voor die poorte van die tempel. (Psalm 118:19-21)

In die tweede gedeelte van die Psalm kom die feesgangers by die tempelpoorte uit en beveel die hekwagters om die poorte oop te maak.

Feesvieringe in die tempel. (Psalm 118:22-28)

In die derde gedeelte van die Psalm bevind die feesgangers hulle in die tempel waar hulle feesvier en deur die priesters geseën word.

Die Psalm eindig soos dit begin het,

“Loof die Here, want Hy is goed,
aan sy liefde is daar geen einde nie”.

(Psalm 118:1-4 en 28,29)

Ons kyk vandag na die seëvierende optog deur die strate van Jerusalem oppad na die tempel. (Psalm 118: 5-18)

1. Die feesgangers sing oor hulle nood tydens die bouprojek. (Psalm 118:5-9)

In my nood het ek na die Here geroep, die Here het my gebed ver-hoor en my bevry.

- Die Here is by my, ek ken geen vrees nie:
wat kan 'n mens aan my doen?
- Die Here is by my, Hy help my:
ek sal neerkyk op dié wat my haat.
- Om by die Here te skuil,
is beter as om op mense te vertrou.
- Om by die Here te skuil,
is beter as om op hoë mense te vertrou.

2. Die feesgangers sing oor die vyandige optrede van die nasies tydens die bouprojek. (Psalm 118:10-13)

- Nasies het van alle kante af op my afgestorm.
In die Naam van die Here het ek hulle aanval afgeslaan.
- Hulle het my omsingel, my van alle kante bestorm.
In die Naam van die Here het ek hulle aanval afgeslaan.



- Hulle het soos bye om my gepak, maar hulle het verdwyn soos doringtakke in 'n vuur.

In die Naam van die Here het ek hulle aanval afgeslaan.

- My vyande wou my platloop en my ondergang bewerk,
maar die Here het my gehelp.

3. Die feesgangers sing oor hulle suksesvolle afhandeling van die bou-projek: in die laer van die oorwinnaars. (Psalm 118:14-18)

- Die Here is my krag en my beskerming.

Dit is Hy wat my gered het!

- Hoor die gejuig in die laer van die oorwinnaars:

"Die Here doen kragtige dae,

- die Here triomfeer,

die Here doen kragtige dae!"

- Ek sal nie sterwe nie, ek sal lewe

en van die dae van die Here getuig.

- Die Here het my swaar gekasty,

maar my nie aan die dood oorgegee nie.

Samevattend:

Die Jode het met vrees en onder baie druk die opbou van die altaar en die tempel voltooi. Uit die ruïnes van Jerusalem is 'n nuwe toekoms gebou (Jesaja 44:26). In die laer van die oorwinnaars was daar 'n groot gejuig.

SEËNBEDE:

²⁴Die Here sal julle seën
en julle beskerm;

²⁵die Here sal tot julle redding verskyn
en julle genadig wees;

²⁶die Here sal julle gebede verhoor
en aan julle vrede gee!

²⁷"So moet die priesters my Naam oor die Israëliete uitroep,
en Ek sal hulle seën." (Númerie 6)



OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapscan betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

Met trots geborg deur:



www.thepiecrew.co.za

**THE PIE CREW
WINMORE**

thepiecrew1@gmail.com
thepiecrew.winmore@gmail.com

NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins erediens). Vir meer inligting kontak die kerkkantoor:

kantoor@ngkerkwonderpark.co.za

